

# Hoe om 'n e-boek af te laai – Om op jou rekenaar te lees

## Om op jou rekenaar te lees

### Stap 1: [Registreer by Adobe.com](#)


- [Kliek hier](#) om by Adobe.com te registreer.
- Maak 'n nota van die e-posadres en wagwoord wat jy skep – jy gaan dit weer later nodig hê.



Jy hoef die volgende net een keer te doen.



Waarom moet ek by Adobe.com registreer? E-boek regte verhoed plagiaat en diefstal. Wanneer jy by Adobe.com registreer, maak jy seker dat skrywers betaal word vir hulle boeke.



# Hoe om 'n e-boek af te laai – Om op jou rekenaar te lees

## Stap 2: Laai af en installeer 'n e-leser toepassing op jou rekenaar.

- Ons stel voor jy gebruik [Adobe Digital Editions](#).

! Jy hoef die volgende net een keer te doen..




- Die eerste keer wat jy die toepassing oopmaak op jou rekenaar, moet jy die rekenaar verifieer. Dit beteken dat jy jou Adobe.com registrasie inligting aan die toepassing moet koppel.



- Nadat jy jou toegang geaktiveer het, sal jy jou leë biblioteek (*Library*) op jou skerm sien.

# Hoe om 'n e-boek af te laai – Om op jou rekenaar te lees



## Stap 3: Laai die e-boek af op jou rekenaar

- Gaan na die webtuiste waar jy jou boek wil koop.
- Koop die boek soos wat jy 'n gewone gedrukte boek of produk sal koop.
- As jou aankoop suksesvol was, sal jou e-boek in die biblioteek van die webtuiste verskyn. Dié biblioteke het verskillende name: bv. Kalahari.com noem dit *LibraryBox*; Leserskring.com plaas die e-boek in die *eLibrary*. Ander aanlynwinkels het moontlik ander benamings vir hulle biblioteke.
- Laai die e-boek af op jou rekenaar. Kliek daarop en kies 'Open'. Die boek sal nou in die **Digital Editions** se biblioteek verskyn.
- *Jy kan ook die e-boek iewers anders op jou rekenaar stoor waar jy dit maklik sal vind.* Die e-boek is 'n lêer waarvan die lêernaam eindig met die letters *.ascm*. Wanneer jy dan dubbelklik op daardie lêer, behoort die boek outomaties te verskyn in **Digital Editions** se biblioteek.

